THE APOSTOLIC FAITH MISSION OF SA
DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SA

NEWSFLASH / 8 AUGUSTUS 2019

AGS Kollegas,

1. VOORGESTELDE ENKEL HUWELIKSTATUUT: VERSOEK VIR OPMERKINGS EN INSETTE

As deel van die burgerlike samelewing is die AGS van Suid-Afrika deur die South African Law Reform Commission (SALRC) uitgenooi om kommentaar en insette te lewer oor die voorstel om verskillende huwelikswette in 'n enkele statuut te integreer. Aanvanklik was ons 'n sperdatum van 31 Julie 2019 toegestaan om ons kommentaar en insette te lewer. Die sperdatum is verleng tot **31 Augustus 2019**. Die SALRC het vrae rakende hierdie aangeleentheid gestel.

The vraelys is beskikbaar in “Issue Paper 35” by die volgende skakel:
http://www.justice.gov.za/salrc/qnr.htm

Van die uitdagings sluit die volgende in:

- Hoe sal 'n enkele statuut die huwelik definieer?
- As alle soorte huwelike saamgevoeg word, wat sal die impak van hierdie samevoeging op ons huweliksbeamptes wees? (As jy in gedagte hou dat huwelike bevestig word in terme van die Huwelikswet van 1961.)
- Sal huweliksbeamptes gedwing word om huwelike van dieselfde geslag te bevestig?

Graag versoek ek dat jy vertroud raak met hierdie aangeleentheid en jou terugvoering met my te deel voor die 20ste Augustus 2019.

2. SPESIALE VERSOEK: AGS NASIONALE KONFERENSIE

Ons sien daarna uit om die AGS-familie te verwelkom by ons jaarlikse Nasionale Konferensie wat in September gaan plaasvind. Ons wil graag sien dat al ons lidmate en gemeentes bewus is van die konferensie. Ons glo dat vanjaar se tema "Gewortel in Christus" 'n belangrike boodskap is vir die missionêre-gedrewe kerk.

Vir hierdie doel het ons spesiale hulpbronne ontwikkel wat ons pastore tydens dienste kan gebruik. Dit sluit die volgende elemente in:

- ‘n 2:00 min promosie-videogreep.
- 'n Facebook-omslagfoto.
- Twee “Power Point Slides” wat ook tydens dienste gebruik kan word.
- En ‘n Plakkaat.

Die hulpbronne is ook in **Afrikaans** en **Xhosa** beskikbaar. Saam met **Engels**, verteenwoordig hierdie drie tale die geografiese gebied waar die konferensie vanjaar aangebied gaan word – Kaapstad.

Ek wil jou aanmoedig om van die hulpbronne af te laai:
http://afm-ags.org/category/media/

Onthou ook dat aanlynregistrasies aanvaar word:
https://afm.easychurch.co.za/?page_id=365

Seën!
Past. M.G. Mahlobo

DIE APOSTOLIESE GELOOFSENDING VAN SUID-AFRIKA NASIONALE KANTOOR
Gebou nr.14, Central Office Park, Jeanlaan 257, Centurion, Gauteng, Suid Afrika

Posbus 9450, Centurion, 0046

Tel: +27 12 644 0490 / Faks: +27 12 644 0732/4 / www.afm-ags.org

Nuusbrief Redakteur:
Past. M.G. Mahlobo (President van die AGS)
mmahlobo@afm-ags.org

Navrae:
Chantalle Schutte (Interne Kommunikasie Spesialis)
chantalle@afm-ags.org